MindPilot (Pty) Ltd 2004/028334/07 VAT reg. 4710155856
Director: J G du Plessis (Managing)
Tel: +27 (0) 12 46-01777/8 Fax: +27 086 689 4252
Email: bertie@mindpilot.co.za WEB: www.mindpilot.co.za
PO BOX 3-66-66 MENLO PARK 0102 South Africa
Physical Address: Suite 2, 36 Selati St Alphen Park Pretoria South Africa

2006-11-18

1 HIERDIE DOKUMENT BEANTWOORD DIE VOLGENDE TWEE VRAE:

1. Hoeveel verengelsing het daar by Afrikaanse skole plaasgevind sedert die nuwe politieke bestel in 1994 ingetree het?
2. Lei parallel en dubbel mediumskole tot die verengelsing van Afrikaanse skole?

(*Ek hou die antwoorde op die punt af en gee in voetnotas die agtergrondsinligting. Op hierdie manier behou 'n mens die draad van die argument.)*

2 HOEVEEL VERENGELSING HET DAAR BY AFRIKAANSE SKOLE PLAASGEVIND SEDERT DIE NUWE POLITIEKE BESTEL IN 1994 INGETREE HET?

2.1 Die MindPilot-ondersoeke[1] van 2003 en 2005 het die volgende bevind

(Ons kan toelaat vir 'n foutgrens van 10% is op die bevindinge hieronder beskryf)

1. **Die 03 ondersoek het bevind**: In ses (6) provinsies (Wes-Kaap, Vrystaat, Mpumalanga, Noordwes, Gauteng en Limpopo) was daar van die **1,396** skole wat in 1993 Afrikaans was nog net **839** skole algeheel Afrikaans (Afrikaanse skool beteken al die periodes word in Afrikaans aangebied, behalwe Engelse taalperiodes). As persentasie uitgedruk: in 2003 was daar nog net **60,1%** Afrikaanse skole oor wat nie klasse ook in parallelmedium of dubbelmedium aangebied het nie. Volledig Afrikaanse skole verteen woordig hiervolgens 6,19% van die totale aantal staatskole in hierdie provinsies. Dit beteken dat Afrikaanse skole sowat 50% onderverteenwoordig is in vergelyking met die persentasie Afrikaanssprekendes in die bevolking.[2]

[1] MindPilot (pty) Ltd het in opdrag van kommersiële kliënte in 2003 en weer in 2005 ondersoeke geloods na die verengelsing van Afrikaanse skole. Die verslag van die 2003 ondersoek is in Addendum A opgeneem en die verslag van die 2005 ondersoek in Addendum B. Die verslae verduidelik die werkwyses van die ondersoek. Die media het wyd oor hierdie navorsing berig gedoen. Verskeie instansie het oor die afgelope jare ondersoeke, of beweerde ondersoeke geloods, maar die resultate is nie in die openbare domein beskikbaar gemaak nie.

[2] Vergelyk hierdie syfers met met die Nasionale Departement van Onderwys se syfers vir die ses provinsies in hul elektroniese publikasie *Education statistics in SA at a glance 2004,* Department of Education p53 waar die totale aantal staatslaer en -hoërskole in hierdie ses provinsies aangegee word as 13,554. Volgens die Statistics South Africa se publikasie

2. Die aantal skole wat heeltemal verengels het was **30,** dus **2,1%** van die aantal skole wat in 1993 volledig Afrikaans was, was teen 2003 volledige Engelse skole.[3]
3. **Die 05 ondersoek het bevind**: Hierdie ondersoek het net Gauteng onder die loep geneem. Die volgende tabel gee die verskuiwing aan by skole in Gauteng in vergelyking met 1993 en 2003.

Tabel 1: Verengelsing by skole in Gauteng

	1993	2003	2005
Afrikaans	276	158	145
Parallel Medium	0	84	87
Dubbel Medium	0	30	33
Engels	0	6	11
TOTALE SKOLE	276	276	276

In 2005 was daar dus in Gauteng **8,3%** minder volledig Afrikaanse skole as in 2003. Volledig Afrikaanse skole in 2005 was **52,5%** van die aantal skole wat in 1993 voor die demokratiese bedeling volledig Afrikaans was. Heeltemal verengelste skole was **3,9%** van die totale aantal skole.

2.2 Gevolgtrekking oor verengelsing van Afrikaanse skole

- **In minstens ses provinsies in die land is nog (net) sowat 60% van die skole algeheel Afrikaans soos wat hulle in 1993 was**.
- **Die verskuiwing in Gauteng bewys dat die tendens van vermindering voortduur**. Ons kan die verdere toename van parallel, dubbelmedium en verengelsing net in Gauteng meet. Hier kan die proses soos volg uitgebeeld word:

Census 2001, Census in brief, p14, het 13,1% van die Suid-Afrikaanse bevolking Afrikaans as huistaal.

[3] Skole wat meer as 90% periodes deur medium van Engels aangebied het, is as 'Engelse skole' beskou.

Grafiek 1



Hieruit blyk dat die hoeveelheid algeheel Afrikaanse skole steeds aan die afneem is.

Die waarneming word ondersteun wanneer ‘n mens kyk na die verhouding tussen periodes wat deur Afrikaans aangebied word en die periodes wat gesamentlik deur parallelmedium en dubbelmedium aangebied word:

- **In Gauteng, in 2005 is 27% van periodes in skole wat in 1993 volledig Afrikaans was, deur medium van Engels aangebied.**

Grafiek 1



3 LEI PARALLEL EN DUBBEL MEDIUMSKOLE TOT DIE VERENGELSING VAN AFRIKAANSE SKOLE?

Hierdie vraag moet met ‘n ‘Ja’ en ‘n ‘Nee’ beantwoord word.

3.1 Kom ons kyk eers na die 'Nee"

In die Wes-Kaap en in die Vrystaat is daar skole wat oor 'n lang tydperk (selfs 'n eeu of meer) 'n tradisie van parallelmediumonderrig gehandhaaf het. Dit is duidelik dat die Afrikaanse karakter van byvoorbeeld Paul Roos Gimnasium, Hugenote Hoërskool in Wellington en Grey Kollege in die Vrystaat nie verander is deur parallelmediumonderrig nie.

Die redes hiervoor is:

- Die skole het 'n oorwegend Afrikaanse karakter en leerlingtal
- Die gemeenskap wat die skole voed het stabiel gebly en daar was nie skielike demografiese verskuiwings wat die samestelling van die skole verander het nie

Lyk die prentjie dieselfde by skole in die nuwe bedeling waar daar 'n skielike toevloei van kinders is wat Engels as voertaal verkies en waar die skole nie op die selfde mate van tradisie kan terugkyk nie?

3.2 Kom ons kyk nou na die 'Ja'

- Indien ons kyk na die verhouding van periodes deur Afrikaansmedium onderrig en periodes deur Engelsmedium onderrig soos hierbo uiteen gesit waaruit blyk dat sowat 27% van periodes deur medium van Engels aangebied word by skole wat in 1993 alle periodes buiten Engels en ander tale deur medium van Afrikaans aangebied het, is dit duidelik dat verengelsing by die skole wat nie heeltemal verengels het nie, beduidend toegeneem het.
- Ons moet onthou dat ons afsnypunt vir verengelste skole 90% parallel of dubbelmedium periodes was. In feite mag 'n mens skole met 60% parallel seker reeds as 'nie-meer Afrikaans'beskou.

Dankie

Bertie du Plessis, BD MindPilot (Edms) Bpk

DIE RES VAN HIERDIE OPDRAG WORD TERUGGEHOU WEENS DIE GEBRUIK DAARVAN IN "N KOMENDE KONSTITUSIONELE HOFSAAK>